

PASSIE VIR BOERDERY

Wat meen hy het die beoordelaars die meeste beïndruk? Hy peins voordat hy die vraag beantwoord. “My passie vir boerdery? Ek geniet dit wat ek doen. Dalk hoe ek die ervaring wat ek ná skool opgedoen het, in die boerdery toepas. Miskien die hoop wat ek vir die toekoms van ons land koester en die bydrae wat ek in dié opsig kan lewer. Dalk het die goeie verhouding wat geslagte lank met die werkers op die plaas opgebou is, die skaal in my guns geswaai. Die beoordelaars het ook met hulle gesels,” vertel Richard.

Die werkers, wat hy as een van die onderneming se grootste bates bestempel, word in vyf werkkategorieë ingedeel. Nuwe werkers word vir ’n proeftydperk van ses maande aangestel. Vyf van hulle is reeds in die eerste kategorie en verdien meer as dubbel die minimumloon. Almal kan ’n hoeveelheid vee aanhou en kry ook gratis vleis en melk. Hulle het egter ’n keuse om pleks daarvan eerder kontant te neem.

In Desember word ’n merietebe-oordeling gedoen. Die werkers wat bogemiddeld geprester het, kry ’n volle dertiende tjk. Daarbenewens kan die assistent-bestuurders ook as aansporing ’n bykomende bedrag verdien wat aan die speen-persentasie en vrektesyfer van die kudde gekoppel is.

Richard se bestuurspan bestaan uit sy oom mnr. David Morgan, wat die werktuigkundige is, en vyf assistent-bestuurders wat onderskeidelik na die voeding en weiding, onderhoud en ontwikkeling, beeste, skape en die Boerbokke omsien.

“Maar,” benadruk hy, “alles gaan ook nie oor geld in die lewe nie. Die verhouding met jou mense tel soms meer as die lone wat hulle ontvang. Dit is iets wat my pa en oupa my geleer het.”

Al die werkershuise op die plase van die MMF het krag en lopende water wat deur sonpanele verhit word. Die werkers word ook aangemoedig om opleidingskursusse by te woon. “Hier is nou iemand wat ongeletterd is, maar aansoek om ’n rybewys gaan doen.”

Hoewel Richard nie die rol van intimidasie geringskat nie, meen hy dat veeboere minder kwesbaar as groente- en vrugteboere vir arbeidsprobleme is.

Voordat hy en mnr. Adrian Meyer (50), ’n beleggingsbankier in Barbados in die Wes-Indiese Eilande en eienaar van die buurplaas, Linton, in 2011 die MMF-vennootskap gevorm het, het Richard, wat destyds nog saam met sy pa en oom geboer het, reeds aansienlike aanpassings gemaak.

Pleks daarvan om met hamels en tollies in die bergveld te boer, het hulle na vroulike diere omgeskakel. Al die geriewe waar met vee gewerk word, is opgeknop en hulle het sowat 30 hektaar lande wat besproei kon word, voorberei.

Ná ’n onverwagte koue waarin hy drie jaar gelede sowat 500 lammers en ooie kort ná skeertyd verloor het, het Richard en sy oom ’n groot romdomtalieveekraal opgerig waarin die ooie nou lam.

Dit word ook as voerkraal benut om lammers en ou ooie af te rond.

Hy sê sy vennootskap met Meyer het die voordele wat die skaalekonomie bied, op die voorgrond geplaas. “Met kapitaal wat meer toeganklik is, kan ons die onderneming vinniger laat groei, terwyl die produksierisiko verdeel word. Die grootste waardetoevoeging wat die vennootskap bied, lê egter in die versterking van die werkerskorps.”

Hy en sy vennoot wat wekliks met mekaar Skype, deel dieselfde kernwaardes. Dit sluit goeie veldbestuur, ’n tevrede werkerskorps en optimale produksie in. Wat beesproduksie as sodanig betref, is hul doelwit om met die Montané Rooi Brangus-stoetery en kommersiële beeste ’n tussenkalfperiode van minder as 400 dae, ’n speenpersentasie van meer as 90 en ’n vrektesyfer van minder as 3% te bereik. Die koei-kalfdoeltreffendheidsyfer moet 50% wees.